**13 April**
**Skrifgedeelte: Johannes 20:11-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 20:17**

**Die opgestane Christus: verder, en tog nader aan ons**

Soms probeer ons, figuurlik gesproke, die Here hier by ons vasklou. Ons hoor die Woord, maar dra dit nie verder nie. Die evangelie móét egter verder uitgedeel word.
Jesus het iets van dié aard bedoel toe Hy na sy opstanding gesê het Maria Magdalena moet Hom nie vashou nie. Sy was verheug om Jesus lewend te sien. Sy wil Hom nou vir altyd by haar en die dissipels hou. Jesus se verhouding met haar en die dissipels het egter verander. Na sy hemelvaart sal Hy hulle liggaamlik verlaat, want Hy is nie net Verlosser vir die dissipels of Jode nie, ook nie net vir Afrikaanssprekendes of Gereformeerdes nie. Sy kerk moet óm die wêreld reik. Ons mag Hom nie by ons vasklou nie.
Te midde van die skynbare verwydering, bring die opstanding van Jesus hom juis op 'n ander manier nader aan ons. Hy beveel Maria Magdalena om sy broers te *vertel* dat Hy na sy Vader én hulle Vader gaan. Na sy dood en opstanding beskou Jesus vir die eerste keer sy dissipels as sy familie. Voorheen was dit nie so nie. Die duiwel was ons pa voor ons met God versoen is. As ons egter vas glo dat Jesus ons skuld betaal het, word ons kinders van die Vader. Wat ‘n troos!
Elkeen moet die evangelieboodskap met die wêreld deel. Dit is die manier waarop Jesus ons intieme kring moet “verlaat”. Ons kan egter weet dat Hy na sy opstanding en hemelvaart ook veel nader aan ons is. Hy het ons, sy broers, kinders van sy Vader gemaak.
*Ds KAJ van Rensburg (Kaapstad)*